# KERSSANGDIENS 2017

Ons nooi u reeds uit na ons Kerssangdiens wat DV op **19 November** om **18:30** plaasvind. Die Junior kore van Laerskole Park en Hartenbos tree op, asook Sotto Voce en 'n ander volwasse sanggroep wat uit die gemeenskap saamgestel is deur Amanda Strydom. Die Marimba-orkes sal ook vooraf Kersliedere speel. Dit is een van die hoogtepunte op ons Jaarprogram en beslis 'n geleentheid om nie mis te loop nie! Nooi gerus u vriende en familie saam.



# DANKBAARHEIDSMAAND

November sonder ons af as Dankbaarheidsmaand in die gemeente. Die gedagte is dat ons gedurende hierdie maand spesiaal nadink oor ons seëninge en op spesiale maniere vir God al die eer en dank daarvoor toebring. Dankbaarheidsmaandkoeverte is deur 'n dienswerker uitgedeel waarin u 'n spesiale bydrae, bo-en-behalwe u maandelikse offer kan maak. U kan hierdie koeverte in die kollektesakkies gooi. As u nog nie u koevert ontvang het nie, gebruik sommer 'n gewone koevert en merk dit as "Dankbaarheidsmaandbydrae". Ons is agter op ons begroting en 'n ekstra bydrae van elkeen kan net dalk die wa deur die drif trek. Baie dankie!




**SPESIALE KOSPAKKIES:** Vir die Feesseisoen. Daar is tans 25 gesinne wat elke maand 'n kospakkie ontvang. Met die komende Fees en Vakansieseisoen wil ons graag aan die gesinne 'n spesiale pakkie gee, maar ons begroting laat ons egter nie toe nie. Daar word jaarliks begroot hoeveel daar op kospakkies gespandeer kan word, maar die stygende pryse laat ons nie toe om daardie ekstras aan te koop nie. Hiermee wil ons dus 'n vriendelike versoek rig vir bydraes. Ons benodig o.a. die volgende: hoender, jellie, vlapoeier, ingemaakte vrugte, koekies, blikkies vleis, lekkers, koekies, blikkies groente, blikkies vleis en vis, poeieraanmaak koeldrank (Coolaid). Enige bydra is welkom, asook kontant. Handig asb in voor die einde van November. Navrae: Joey de Jager 073 2988 142 of 044 6910116.

**VONKELVROUE:** Ons nooi almal om die Vonkelvrou afsluiting by te woon op 23 November 2017 om 18:30 in die kerksaal. Kaartjies @ R15 is te koop by die kerkkantoor. Kom en geniet die aand saam met ons. Meer inligting later.

**ALMANAKKE:** Wyksbesorgers en dienswerkers moet dit asb by die kerkkantoor kom afhaal.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 12 November 2017**

*"Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." (Matteus 25:40)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Geopende Deure.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader nie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerk (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Jeugwerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader nie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die kerk.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie by sy huis en Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr en Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

***Onthou ons gemeente se webblad is by: www.suidkerkmsb.co.za***

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Vonkelvroue was R2 072-80.

**KOSKAS:** NOVEMBER is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat liedboeke het, wat hulle nie meer gebruik nie, dit asseblief vir Vleesbaai se saal sal skenk. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**SOPKOMBUIS:** Baie dankie - ons het genoeg mense om nog 'n span te maak. As voltyds werkendes betrokke wil raak, kan u help sop maak en brood voorsien. Gee u naam vir ds André of die kerkkantoor om op die rooster te kom.

**BEWYSE ONTVANG:** Sue-Anne Dirker Da Gamastr vanaf Hartenbos. Hartlik welkom!

**BAIE DANKIE:** Aan elkeen wat so getrou help tydens begrafnisse met die maak van broodjies of die skink van tee. Ons waardeer dit opreg!

**MATRIEKS:** Aan die einde van elke jaar kom matrieks van regoor die land bymekaar vir 'n week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net "chill" naby die natuur en naby God. Moenie hierdie ongelooflike ervaring misloop nie! Hierdie matriXpedisie word aangebied in samewerking met NG Kerk se Sinodale Jeugkommissie. Kontak gerus een van die dominees.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om weer die eerste week in Desember pakkies na die Kinderhuis te neem. Die volgende word benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke), toiletware (shampoe, toiletseep, handeroom en waslappies), koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens), beskuit en koekies, blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsies, polonie en kaas. Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is slegs 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asb in voor of op 30 November by kerkkantoor. As u van 'n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asb.
Navrae: Joey de Jager 073 298 8142 of 044 6910116.

**WEBBLAD:** www.suidkerkmsb.co.za



# GEBEDSBULLETIN

***Tema vir November:*** *Ekonomie*

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* 'n Salaris, pensioen of belegging.
* Fondse om 'n gemeente te bestuur.
* Lidmate wat deel is van die bedieninge in die gemeente.
* Geopende Deure se werk om vervolgde gelowiges te ondersteun, te versterk en toe te rus.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Vandag is Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk. Elke maand:
  - Word 'n beraamde 322 Christene doodgemaak agv van hulle geloof.
  - Word 'n beraamde 214 kerke en Christene se eiendom vernietig.
  - Word 'n beraamde 772 vorme van geweld teen Christene gepleeg (soos aanrandings, ontvoerings, verkragtings, arrestasies en gedwonge huwelike).
* Geopende Deure gee jaarliks 'n lys van lande in die wêreld waar Christene die ergste verdruk word. Noord-Korea is vir die 16de agtereenvolgende jaar eerste, daarna volg Somalië, Afghanistan, Pakistan en Soedan. Bid vir ons broers en susters daar.
* Die gemeente se fondse - die agterstand op die begrote inkomste. Bid spesifiek vir Dankbaarheidsmaand.
* Staatstoelae en dat die dreigende krisis rondom SASSA (uitbetalings) opgelos sal word. Die regering beraam dat hy teen 2020 meer as R175 miljard aan maatskaplike toelaes sal spandeer. Alhoewel dit wonderlik klink, beteken dit dat meer individue sal van staatsondersteuning afhanklik wees.
* Die droogte, geweldsmisdaad en plaasaanvalle.
* Die land se ekonomie (rommelstatus).
* Matrieks - eindeksamen (tot 28 November).

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Jan Louw Fijnbosrand, Neels Warden Koraalboomstr, Pieter Groenewald Fynbosrand, Bettie Wepener Santos Haven, Rika Stander JB Millerstr, Dalene Grundlingh 9de Laan, Babs Pollard Kenani, Piet Olivier Kenani, Jannie Zietsman Plaas Voëlvlei, Madeleine van Eeden Vleesbaai, Dalene Grundlingh Da Gamastr, Thea Westraad Stinkhoutstr, Lucia Laubscher Santos Haven.